HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2015**

**EKSAMEN**

**GRAAD 8**

PUNTE : 80

TYD: 2 UUR

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings :

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A | : BEGRIPSTOETSE | (30) |
| AFDELING B | : LANG TRANSAKSIONELE STUK | (30) |
| AFDELING C | : KORT TRANSAKSIONELE STUK | (20) |

3. Jy moet **AL** die vrae beantwoord.

4 Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5 Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6 Skryf netjies en leesbaar.

7 Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE !***

**AFDELING A : Leesbegrip**

VRAAG 1

Lees die leesstuk deur en beantwoord die vrae.

## Buksie wil nie bad nie

Buksie is Matthew se hond. Matthew het Buksie by die troeteldierwinkel gekoop. Hulle doen alles saam. Elke aand net voor aandete gaan stap Matthew en Buksie om die blok. Dit is goeie oefening vir beide Matthew en Buksie. Saterdae neem Matthew vir Buksie saam strand toe. Hy gooi vir Buksie die bal of 'n stok en dan bring Buksie dit vir hom terug. Buksie speel ook graag in die branders saam met Matthew. Buksie sit op Matthew se boogiebord in die vlakwater en dan ry hy 'n brander tot op die strand.

Terwyl Matthew onder die strandsambreel lê, geniet Buksie ook 'n middagslapie in die son. Hy het sy eie handdoek met sy naam daarop.

Elke tweede Sondag is dit badtyd. Buksie weet sommer al as die blou bad uit die motorhuis gehaal word is dit tyd om weg te kruip. Hy haat dit om te bad. Buksie probeer elke keer 'n ander wegkruipplek , maar Matthew weet net waar om te soek. "A nee, Buksie. Buksie , kom hier, Buksie!! "Jy weet ek sal jou in elk geval kry. Kom hier Buksie!"

Uiteindelik is Buksie in die bad, maar met 'n lang gesukkel en 'n lang gesig. Hy hoes en proes en wikkel rond. "Nee, Buksie, ek is nog nie klaar nie, staan stil!!" Matthew spoel vir Buksie met skoon water af en tel hom uit die bad. Hy skud sy lyf so, dat die water vir Matthew papnat spat.

" O nee, daar is die bure se kat op die muur. Buksie ruk los en hardloop papnat tot in die blombedding. Hy blaf en blaf en spring teen die muur op. "Nee, Buksie ,kom hier!!" Die kat skrik so groot dat hy vinnig terugspring in sy eie erf. Buksie kruip stadig nader. Hy is vol modder, blare en stokkies. "Dit lyk vir my dit is weer badtyd Buksie". Met sy stert tussen sy bene hardloop Buksie weer om die huis om te gaan wegkruip...







1.1 Waar het Matthew sy hondjie gekry?( pleknaam) 1

1.2 Wat is sy hondjie se naam? (net naam) 1

1.3. Wat doen Matthew en sy hond op Saterdae? 1

1.4. Wat doen Matthew en sy hondjie vir oefening? (haal een sin aan) 1

1.5. Kies elke keer die korrekte antwoord. Skryf die nommer en die antwoord neer.

1.5.1. Buksie haat dit om:

A. te gaan stap
B. te swem
C. te bad
D. te eet 1

1.5.2. Badtyd vir Buksie is op 'n :
A. Sondag
B. Saterdag
C. Vrydag
D. Woensdag 1

1.5.3. Buksie se bad is:
A. groen
B. blou
C. oranje
D. rooi 1

1.5.4. In 'n blombedding is daar:
A. groente
B. vrugte
C. blomme
D. spinasie 1

1.6. Wat doen Buksie as Matthew die bad uit die motorhuis haal? 1

1.7. Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is en gee 'n rede vir jou antwoord deur uit die stuk aan te haal.

1.7.1. Buksie hou van katte. 2

1.7.2. Buksie hou daarvan om in die see te swem. 2

1.7.3. Matthew en Buksie gaan Saterdae na die park toe. 2

1.8. Haal 'n woord uit die stuk aan wat vir ons sê dat Buksie **baie nat** was. 1

1.9. Haal **vyf agtereenvolgende woorde** uit die stuk wat vir ons vertel dat Buksie bang vir bad is. 1

1.10. Buksie was baie vuil nadat hy die kat weggejaag het. Stem jy saam? Sê JA of NEE. Haal uit die stuk aan om jou antwoord te bewys. 2

1.11. Buksie het sy eie handdoek vir die strand. Hoe weet ons dit is syne? 1

[20]

**<u>Vraag 2 : Strokiesprent</u>**

Bestudeer die onderstaande strokie en beantwoord die vrae:




**(*Meester* deur Danie Cronjé)**

2.1. Watter opdrag( instruction) gee die onderwyser vir die leerders? 1

2.2. Hoekom moet die leerders die bogenoemde taak doen? 1

2.3. Hoekom gaan die seun sy handboeke hou? 1

2.4. In watter graad gaan die seun moontlik die volgende jaar wees? 1

2.5. Dink jy die seun is fluks of is hy lui? 1

[5]

Vraag 3 : 'n Advertensie

Kyk na die volgende advertensie en beantwoord die vrae:




3.1. Wat kan jy wen? 1

3.2. Wat kan jy alles met die produk doen? 1

3.3. Wat is die funksie van die produk? 1

3.4. Wat is die web adres as jy aan die kompetisie wil deelneem? 1

3.5. Kies die korrekte antwoord. Jy kan alles (hoor/sien/proe) wat jou troeteldier ervaar. 1

[5]


Suptotaal vir Afdeling A: [30]

**Afdeling B : Lang transaksionele stuk**

**Instruksies:**

- Beantwoord **net EEN** vraag uit Afdeling B.
- Wys jou beplanning ( kopkaart, beplanning en finale poging).
- Jy moet tussen 120 tot 150 woorde hê.
- Skryf die getal woorde onderaan die stuk neer.

**Vraag 1: 'n Brief**




Jy skryf aan 'n maat terwyl jy in die hospitaalbed lê. Vertel aan 'n maat hoekom jy daar is en van jou ervaring(experience) in die hospitaal.

[30]

**ÓF**

**Vraag 2 : 'n Dialoog**

Jy en jou familie het die Kruger Nasionale Wildtuin besoek en baie diere gesien.Skryf nou 'n dialoog aan jou vriend/in om hom/haar van jou besoek te vertel.



[30 ]

[Subtotaal vir Afdeling B : [30]

**Afdeling C: Kort Transaksionele stuk**

**Instruksies:**

- Beantwoord **net EEN** vraag uit Afdeling C.
- Wys jou beplanning ( kopkaart, beplanning en finale poging).
- Jy moet tussen 80 tot 100 woorde hê.
- Skryf die getal woorde onderaan die stuk neer.

**Vraag 1: 'n Dagboekinskrywing**




Jy het jou eerste jaar op hoërskool geniet. Skryf in jou dagboek oor dinge wat met jou gebeur het, hoe jy gevoel het en wat jy alles geleer het.

[20]

**ÓF**

**Vraag 2 : 'n e-pos**



Jou ouers het besluit om vir die week vakansie te gaan hou by die see. Stuur 'n e-pos aan jou vriend/in waarin jy hom/ haar vra om saam met julle te gaan. Vertel ook wat julle alles by die strand gaan doen.

[20]

Subtotaal vir Afdeling C: [20]

Groottotaal :[80]